

Padkaart vir die lewe



Wysheid vir die lewenspad!

Padkaart vir die lewe

Eerste digitale uitgawe 2015

Bybelteks: © 1983-vertaling

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992, 2015

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

Epub-formaat	ISBN 978-0-7982-1880-1
Mobi-formaat	ISBN 978-0-7982-1881-8
PDF-formaat	ISBN 978-0-7982-1882-5

Wysheid vir die lewenspad!

Elke dag van jou lewensreis bestaan uit klein treetjies, soos om jou ouerhuis vir die eerste keer te verlaat, van beroep te verander, met jou geliefde te trou, of om met 'n gesin te begin. Dít alles terwyl jy jou boonop in 'n vreemde omgewing tussen mense met verskillende tradisies en gewoontes bevind. 'n Mens raak maklik hierin vasgevang of van koers af omdat jy verpligtinge, verhoudings en die daaglikse stres wat die lewe op jou skouers plaas, alles moet balanseer. Die uitdaging is om jou geloof steeds op 'n sinvolle manier uit te leef. Maak seker dat jy op die regte pad is met die Bybel as jou GPS. Kry die koördinate vir die pad wat jy wil volg in die boek van Psalms.

*Die Here bepaal die koers van die mens
met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom.
As so iemand val, bly hy nie lê nie,
want die Here help hom op.*

Psalm 37:23-24

*God omgord my met krag;
Hy maak my pad voorspoedig.*

Psalm 18:33

'n Pelgrimslied.

*Ek kyk op na die berge:
waarvandaan sal daar vir my hulp kom?
My hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;
Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.
Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie
en Hy slaap nie.
Die Here beskerm jou,
die Here bewaar jou van alle gevare.*

*Bedags sal die son jou nie steek nie
en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.
Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar,
jou lewe sal Hy beskerm.
Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,
nou en vir altyd.*

Psalm 121

Bemeester die kuns om die regte besluite te neem

Ongeag van waar jy jou op jou reistog mag bevind, gaan jy morele besluite teëkom. Jy gaan gekonfronteer word met uiteenlopende menings en lewenstyle. Party situasies gaan 'n duidelike reg en verkeerd hê, maar dié wat jou geloof die meeste op die proef stel, is nie altyd so duidelik nie. Om jou oë op Jesus gevestig te hou, sal jou help om jou pad te vind in hierdie wêreld.

*Dit gaan goed met die mens
wat nie die raad van goddeloses volg nie,
nie met sondaars omgaan
en met ligsinniges saamspan nie,
maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind,
dit dag en nag oordink.
Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is,
wat op die regte tyd vrugte dra
en waarvan die blare nie verdroog nie.
Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.*

Psalm 1:1-3

*Laat wat jy doen, aan die Here oor,
dan sal jou voornemens geluk.*

Spreuke 16:3

Wanneer jy bang is

Dit is opwindend om die lewe te ervaar en jou vryheid asook die geleentheid vir persoonlike groei te geniet. Alhoewel dit 'n goeie ding is, kan jou vrese om nie goed genoeg te wees

nie, nie jou doelwitte te bereik nie, om by 'n nuwe omgewing aan te pas of vir verwerping spanning by party mense veroorsaak. God verstaan jou onsekerheid en wil jou deur middel van die Bybel gerusstel.

*Moenie bang wees nie, Ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.*

Jesaja 41:10

Vertrou op God se goedheid

*Selfs as hy gaan lê, dink hy net kwaad uit;
hy bly op 'n pad wat nie reg is nie;
wat sleg is, verwerp hy nie.*

*Here, u liefde reik tot in die hemel,
u trou tot in die wolke,
u geregtigheid tot op die hoogste berge,
die reg wat U spreek, tot in die dieptes van die see.
U sorg vir mens en dier, o Here.*

*Hoe kosbaar is u trou, o God!
U beskerm die mense wat by U skuil.
In u huis geniet hulle oorvloed,
U laat hulle drink uit die strome van u goedheid.*

Psalms 36:5-9

Hou by jou standarde

Probeer om die volgende raad te volg om te verhoed dat jy moed verloor in moeilike omstandighede.

Kry jou daaglikse “Woord”

Begin elke dag met die Woord van God en bly deur daaglikse gebed gereeld in aanraking met Hom. Dit is die enigste manier om jou prioriteite in lyn te hou met dit waarin jy glo.

*Laat u woord my op die regte pad hou;
moet tog nie dat enige kwaad die oorhand oor my kry nie.*

Psalm 119:133

'n Lied. 'n Psalm van Dawid.

*Ek voel weer veilig, o God,
ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing,
ek wil vroeg opstaan,
met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak!
Onder die volke wil ek U loof, Here,
onder die nasies u lof besing,
want u liefde reik tot in die hemel,
u trou tot in die wolke.*

Psalm 108:1-5

Staan op vir dit waarin jy glo

Daar is 'n spreekwoord: "As jy nie van my beginsels hou nie, het ek ander!" Natuurlik verander die manier wat 'n mens oor dinge dink met tyd, maar daar is sekere oortuigings wat onveranderd bly.

*Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?
Deur hom te hou aan u woord!
Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart,
laat my nie afwyk van u gebooie nie.
Aan u beloftes hou ek vas,
dit weerhou my van sonde teen U.*

Psalm 119:9-11

Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.

1 Timoteus 4:12

Laat jou woorde jou getuie wees

Moenie bang wees om standpunt in te neem as iemand jou geloof afbreek of verkleineer nie. Terselfdertyd moet 'n mens ook sensitief wees teenoor mense wie se geloof van joune verskil.

Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid. Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.

Kolossense 4:5-6

Kry jou prioriteite agtermekaar

Besluit wat jy vandag alles moet doen, skryf dit neer as dit help, prioritiseer dan jou lysie en vat dit van bo af. As 'n taak nie moontlik gaan wees vir die spesifieke dag nie, moet dit nie op die lysie skryf nie! As jy regtig nie gemaklik daarmee is om lysies te maak nie, probeer ten minste om binne 'n wyer raamwerk, wat as vertrekpunt kan dien, te werk te gaan.

“Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”

Matteus 6:31-33

*Vind jou vreugde in die Here,
en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.*

Psalms 37:4

Dissiplineer jousef

Maak 'n punt daarvan om jousef te dissiplineer. As jy dit nie doen nie, gaan niemand nie – nie eers God nie!

*Kennis begin met die dien van die Here;
dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.*

Spreek 1:7

Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê,

met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Hebreërs 12:1b-2a

Kom elke dag met God in aanraking

Dit is die enigste manier om jou lewe te prioritiseer en jou Christelike identiteit te integreer en dit so te hou. Vernuwe jou gees daaglik met God se Woord terwyl jy deurentyd met Hom in gebed kommunikeer.

*Luister tog na my woorde, Here,
hoor hoe ek sug.*

*Gee tog aandag aan my hulpgeroep, my Koning en my God,
want tot U bid ek.*

Psalms 5:2-3

Bou verhoudings met ander kinders van God

God se Koninkryk is een groot gesin waar ons almal mekaar aanvul en nodig het. Sluit dadelik by 'n kerk aan en raak betrokke by hulle bediening. Om saam met ander Christene te aanbid, help om jou sterk te hou. Deur minstens een keer 'n week kerk toe te gaan, behou jy jou fokus.

*Hef julle hande in gebed op na die heiligdom
en prys die Here!*

Psalms 134:2

'n Dankpsalm.

Juig tot eer van die Here, almal op aarde!

Dien die Here met blydschap!

Kom voor Hom met gejubel!

Erken dat die Here God is:

Hy het ons gemaak en ons is Syne,

ons is sy volk, sy eie kudde.

Gaan sy poorte binne met dankliedere,

sy tempel met lofsange,

dank Hom, prys sy Naam,

want die Here is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie,
sy trou duur van geslag tot geslag.

Psalm 100

Bly betrokke by die ouer generasie

Hulle mag dalk "oud" wees, maar "wysheid kom met die grysheid". Hulle het al die lewenspaadjie gestap en het al heelwat meer lesse as jy geleer. Besef dat hulle lief is vir jou en net die beste vir jou wil hê. Jy gaan buitendien hulle hulp en raad vir die res van jou lewe nodig hê.

*My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie,
hou vas aan wat ek jou voorskryf,
want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker,
dit sal maak dat jy 'n vol lewe het.
Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie;
leef daarmee saam,
maak dit 'n deel van jou lewe.
So sal jy guns verwerf en byval vind
by God en mens.*

Spreekte 3:1-4

*Kinders, neem die opvoeding wat 'n vader julle gee, ter harte;
slaan daarop ag, sodat julle kan leer wat insig is,
want wat ek julle leer, is goed;
moenie die onderrig wat ek gee, versmaai nie.
Ek was ook eenkeer 'n kind,
my moeder se oogappel, haar enigste.
My vader het my toe ook geleer en vir my gesê:
"Wat ek jou sê, moet jy vashou,
my voorskrifte moet jy uitvoer, sodat jy werklik kan lewe.
Sorg dat jy wysheid bekom, en insig!
Moenie my woorde vergeet en daarvan afwyk nie;*

*Hou vas aan wat ek jou leer, moet dit nie laat los nie;
bly daarby, want dit is jou lewe.*

Spreekte 4:1-5,13

Wat is my visie en waardes?

As ons soos Jesus wil wees, soos Hy ons aanmoedig om te wees, sal ons waardes weerspieël word deur ons lewenswyse. As gelowiges is ons waardes tog nie net 'n lys van moets en moenies nie, maar 'n strewing om soos Christus se wees in alles wat ons doen.

Christus as my prototipe

Waar in jy ook al glo en wie ook al jy volg, gaan jou oortuigings, waardes en optrede vorm. Ons waardes word direk in verband gebring met ons gehoorsaamheid aan Jesus Christus. Ons moet gevorm word na Christus se gelykenis en nie na die van vriende, kollegas, kultuur of selfs ouers nie.

“Watter sin het dit dat julle My aanspreek met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie? Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en doen wat Ek sê – Ek sal vir julle verduidelik soos wie hy is: Hy is soos ’n man wat by die bou van sy huis die grond diep uitgegrawe en die fondament op die rotsbodem gelê het.”

Lukas 6:46-48a

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Johannes 15:5

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Romeine 12:2

Die waarheid is belangrik

As Christus waarheid is, is dit vanselfsprekend dat leuens en oneerlikheid jou van Hom skei. Om eerlik te wees, is om in Jesus se voetstaptes te volg, want Hy kan nie jok nie.

Deur te leer hoe om eerlik te wees, sal jy ook 'n skoon gewete kan handhaaf.

Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.”

Johannes 14:6a

“Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.”

Lukas 16:10

“As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”

Johannes 8:31b-32

Christelike waardes in minder as 'n “byte”

Hoe duideliker jy dit waarin jy glo, kan verwoord, hoe makliker is dit om jou prioriteite in lyn te bring met jou waardes. Paulus maak 'n opsomming van 'n Christelike leefstyl gebaseer op Jesus se leringe:

- *Die liefde moet opreg wees.*
- *Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is.*
- *Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.*
- *Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.*
- *Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.*
- *Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid.*
- *Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie.*
- *Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.*
- *Wees eensgesind onder mekaar.*
- *Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges.*
- *Moenie eiewys wees nie.*

- *Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense.*
- *As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.*

Romeine 12:9-18

Wat van die Tien Gebooie?

Die eerste vier gebooie dien as riglyne oor hoe ons God moet liefhê, en die laaste ses oor hoe ons mekaar moet liefhê.

Jesus verwys na 'n hele paar van die gebooie en beklemtoon die toepassing daarvan in sy preke. Hy keur nie net moord af nie, maar Hy doen 'n beroep op sy volgelinge om te verstaan dat onopgeloste woede ook ander mense vernietig. Hy verbied nie net ontrouheid nie, maar Hy vra sy volgelinge om rein harte en gedagtes te hê.

“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank’. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.”

Matteus 5:21-22

“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.” **Johannes 14:15**

Die lewe is WOW!

Die lewe is kort, so maak die meeste daarvan deur herinneringe te skep waaraan jy eendag sonder spyt kan terugdink. Vermy die scenario van die verlore seun. Oorgretig om van die huis af weg te kom, bevind hy hom toe in 'n ander soort gebondenheid en maak lelik droog.

“Daar was 'n man wat twee seuns gehad het. Die jongste het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.

“Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe.”

Lukas 15:11b-13

Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet.

Doen wat jy goeuvind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie.

Hou kommer uit jou hart en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen.

Ook die jeug en die jonkheid kom tot niks.

Prediker 11:9-10

Wees 'n WOW Christen

Dit beteken wat jy doen en sê, moet in verband gebring word met dit wat jy glo. Wanneer ons soos Christus word, is die waardes waarin ons glo meer as 'n lysie moets en moenies. Dit is om soos Christus te wees in alles wat ons doen.

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.

Kolossense 3:12-14

Weet waar om die grens te trek

Groepsdruk kom dikwels voor wanneer jy tussen mense in jou ouderdomsgroep is of wanneer jy jou in 'n nuwe omgewing bevind en graag wil inpas. Om gereeld jou eie realiteit te ondersoek, wie jy is en waarin jy glo, sal jou help om op koers te bly. Onthou die bekende spreekwoord: "As jy nie weet waarvoor jy staan nie, sal jy val vir enigiets."

Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.

Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.

Efesiërs 5:1-5

Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul.

Efesiërs 5:18

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig. En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.

Filippense 4:4-9

Wees iemand wat goeie dade doen

Maak jou geloof eg deur 'n aktiewe gelowige te wees. Wees 'n vrywilliger by 'n sopkombuis of bied jou dienste aan by 'n gemeenskapsprojek. Jy kan vir jou vriende op kampus of by die werk 'n lig wees wat skyn deur die manier waarop jy omgee vir ander.

“Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”

Matteus 5:16

Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lipmetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid.

1 Johannes 3:18

Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

Galasiërs 6:9-10

Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring.

1 Johannes 3:19

Liefde is WOW!

Ons hou daarvan om te dink dat dit liefde is waarom alles draai. Ware liefde is wonderlik, oorweldigend en slaan jou asem weg! In Hooglied lees ons:

*Die liefde is sterker as die dood,
die hartstog magtiger as die doderyk;
dit brand en vlam soos vuur.
Strome water kan die liefde nie blus nie,
riviere kan dit nie afkoel nie.
Al wil iemand vir die liefde
al die rykdom in sy huis betaal,
hy sal daarvoor uitgelag word.*

Hooglied 8:6b-7

Wie sal ooit die liefdestaal verstaan tussen twee mense wat dolverlief is op mekaar:

*Hy:
"Soos 'n lirie tussen dorings,
so is my liefing tussen die meisies."
Sy:
"Soos 'n appelboom tussen wilde bome,
so is die man wat ek liefhet, tussen die jongmans."*

Hooglied 2:2-3a

Selfs die wyse ou skrywer van Spreuke met al sy wysheid kon nie die geheimenis van die liefde verklaar nie:

*Daar is drie dinge, nee, vier wat bo my begrip is,
wat ek nie verstaan nie:
hoe 'n aasvoël in die lug bly,
hoe 'n slang teen 'n rots op seil,
hoe 'n skip op die diepsee vaar
en hoe die liefde tussen 'n man en 'n meisie werk.*

Spreuke 30:18-19

Seks – 'n sensitiewe onderwerp

Seks is in die kollektiewe gedagtes van die meeste mense. Daar is min wat ons weerhou van seksuele verhoudings, of dit in 'n stabiele langtermyn verhouding is, of met verskeie maats.

As 'n Christen moet jy dit baie duidelik stel hoe jy oor hierdie onderwerp voel. Die Bybel gee vir ons definitiewe riglyne oor losbandigheid. Tog praat die Bybel ook baie openlik oor die fisiese aantrekkingskrag tussen twee verliefdes. Maak 'n punt daarvan om Hooglied te lees; dit is 'n poëtiese boek wat die liefde prys:

*Jy het my hart gesteel, my beminde bruid,
jy het my hart gesteel met een kyk van jou oë,
met een skakel in die ketting om jou hals.*

Hooglied 4:9

*Die man wat ek liefhet,
is blakend gesond en blosend van kleur;
jy kan hom uitken tussen tien duisend ander.*

Hooglied 5:10

Daar is steeds, soos met al die goeie dinge in die lewe, 'n voorwaarde aan gekoppel:

Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

1 Korintiërs 6:19-20

Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

1 Korintiërs 10:12-13

Wees versigtig vir die valstrikke

Daar is geen rede vir 'n mens met insig en genoeg verstand om bang te wees vir die lewe nie. Wees net versigtig vir dinge wat jou geluk en onskuld kan steel.

Pornografie – 'n dodelike virus

Pornografie is so oud soos die mensdom self, maar met moderne kommunikasiemedie is dit so al so maklik toeganklik en wydverspreid dat niks meer spesiaal of heilig is nie. Selfs die mees onskuldiges onder ons is al negatief daardeur geraak. Die Bybel is reguit in die veroordeling van seksuele onsedelikheid:

'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is. God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek.

Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.

1 Korintiërs 6:13b-14,18

Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy.

2 Korintiërs 7:1b

Wees verstandig oor drank en dwelms

Daar bestaan nie iets soos slim dwelms of drank nie, ten spyte van wat televisie-advertensies mag uitbeeld. Dit maak lafaards van selfs die slimste mense. Tog is die gebruik daarvan al volkome deel van ons hedendaagse sosiale samelewing. Wees bewus daarvan dat daar mense in jou vriendekring, by jou werk of selfs in jou familie mag wees wat baie drink of dwelms gebruik. Aanvaar dat hulle hul keuse gemaak het en jy het joune gemaak. Kies om tussen mense te wees wat pret kan hê sonder om onder die invloed van alkohol en dwelms te wees.

Dronkenskap is nie 'n mooi gesig nie

Die Bybel praat dikwels van die effek van alkoholmisbruik en dieselfde geld vir dwelmmisbruik. Die skrywer van Spreuke waarsku ons:

*Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak;
niemand wat van dronkenskap slinger, is verstandig nie.*

Spreuke 20:1

*Wie is dit wat sug en steun,
wat rusie maak en kla,
onnodig seerkry en bloedbelope oë het?
Dit is dié wat tot laat sit en drink,
dié wat aanhou proe aan drank.
Moenie dat die wyn jou verlei as dit so rooi is,
so vonkel in die beker,
so lekker smaak nie.
Agterna pik hy soos 'n slang,
spoeg hy gif soos 'n kobra.
Dan sien jy vreemde dinge
en praat jy verkeerde dinge;
dit voel of jy op die oop see lê,
of jy bo-op 'n seilskip se touwerk lê,
en jy dink:
ek het dan nie seergekry toe hulle my geslaan het nie;
ek het nie gevoel toe hulle my aangeval het nie!
Wanneer word ek wakker?
Ek wil maar weer iets gaan soek om te drink.*

Spreuke 23:29-35

Eensaamheid en afsondering

Daar is tye in ons lewens wat ons eensaam of afgesonder voel. Dit kan om eenvoudige redes wees, soos verhoudingsprobleme met 'n eggenoot of die verlies van 'n geliefde. Ongeag jou ouderdom, kan eensaamheid 'n groot probleem wees aangesien dit nie maklik is om 'n groep eensgesinde mense te kry om mee te sosialiseer nie. Jesus, wat eensaamheid en verwerping verstaan, het soos een van ons geword.

Johannes skryf:

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. **Johannes 1:14**

Die psalmis het dikwels na God geroep as hy eensaam en wanhopig gevoel het:

*Sien my in genade aan, Here,
want ek is eensaam en verstote.*

Psalm 25:16

*Antwoord my, Here, in u wonderlike liefde,
verhoor my in u groot barmhartigheid!
Moet tog nie u dienaar alleen laat nie!
Ek is in groot gevaar, antwoord my tog gou!*

*Ek het gehoop op meegevoel, maar tevergeefs,
op mense om my te troos,
maar daar was nie een nie.*

Psalm 69:17-18,21b

Wanneer jy 'n laagtepunt bereik

'n Gevoel van eensaamheid kom en gaan in die lewe. As jy egter gedurig eensaam voel om geen spesifieke rede nie, kan dit 'n teken van depressie wees. In so 'n geval moet jy met jou familie, 'n vriend of 'n berader daaroor praat.

Jesus, wat uiterste eensaamheid ervaar het, gee vir jou 'n plek in sy hart:

“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.”

Matteus 11:28-30

Sluit by 'n Bybelstudiegroep aan

Dit is die vinnigste manier om in aanraking te kom met mense met wie jy gemaklik sal voel. As jy nie 'n omgeegroep kan vind nie, probeer om self 'n Bybelstudiegroep bymekaar te kry. Adverteer in jou omgewing, by 'n winkel of selfs by die werk, en jy mag dalk verras wees oor die terugvoer wat jy kry.

Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry.

Matteus 18:19

Herbereken jou bestemming

Moenie skaam wees om 'n mede-Christen te vra vir gebed of bemoediging as dit voel of jy jou fokus verloor nie. Praat met jou leraar vir raad.

*Toe ek verbitter was en veronreg gevoel het,
was ek dom en sonder insig;
soos 'n redelose dier het ek my teenoor U gedra.
Tog was ek nog altyd by U,
want U vat my aan die hand.
U lei my met u raad
en aan die einde sal U my in ere by U opneem.*

Psalm 73:21-24

*Wat wyse mense jou leer, is 'n bron van lewe;
dit laat jou die strikke van die dood vermy.*

Spreekte 13:14

Moenie vergeet om op te gradeer nie!

Die aanleer van nuwe dinge is 'n gegewe in enige veld. Gister se oplossings is nie die antwoord op vandag se vrae nie. Net so moet jou geloof ook saam met jou groei. Groei word bewerkstellig deur die Woord van God te lees en te hoor en om saam met ander gelowiges Bybelstudie te doen en te bid.

Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind. Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.

Hebreërs 5:13-14

Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.

Efesiërs 4:13b-14

Om in die Woord geanker te wees, sal jou help om nie perspektief in jou geloof te verloor nie. Wanneer jy dan met 'n morele dilemma gekonfronteer word, sal jou kennis van die Woord jou help om besluite te neem wat in lyn is met jou Christelike oortuigings.

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

Handelinge 2:42

Bereik jou droom

Elkeen se lewensreis sluit 'n paar belangrike lewenskeuses in wat sukses of mislukking sal bring. Hoe kan jy seker wees dat die keuses wat jy maak reg is?

Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.

Kolossense 3:23-24

Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. **Filippense 3:12-14**

Ontdek jou gawes

Almal wil in hulle lewens iets doen wat hulle goed laat voel. Elkeen is toegerus met godgegewe karaktereienskappe, kenmerke of talente wat hom of haar uniek maak. Dit is hoekom dit belangrik is om jou unieke gawes en talente te ontdek.

Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid. **Romeine 12:6-8**

Jesus is God se geskenk aan jou

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. **Johannes 1:14**

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. **Johannes 3:16-17**

Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. **Romeine 5:8**

*Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge
vergewe kragtens die ryke genade van God.* **Efesiërs 1:7**

*Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy
Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en
onberispelik voor Hom te stel.* **Kolossense 1:22**

Maak gebed jou voorkeurtaal

Gebed is die lewensaar van jou geloof. Dit skep 'n bewustheid van die heilige in jou en van die teenwoordigheid van God in alles wat jy doen. Gebed is net so belangrik soos asemhaal. Dit bring jou nader aan die teenwoordigheid van die lewegewende God.

In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God. **Lukas 6:12**

Raadpleeg jou Skepper

Jy mag 'n punt in jou lewensreis bereik waar jy alles begin bevraagteken wat jy geleer het by jou ouers, vriende en diegene wat 'n rol in jou lewe gespeel het. Hou in gedagte dat God in beheer bly van jou lewe.

Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. **Jeremia 29:11-13**

Ellende wag vir dié wat dink hulle kan hulle planne diep wegsteek vir die Here, hulle wat besig is om dinge in die donker te doen en dink: wie sien ons? Wie weet van ons? Julle is agterstevoor met alles, asof die pottebakker die klei is. Die maagsel kan mos nie van sy maker sê: "Hy het my nie gemaak nie"; die kleipot kan mos nie van die pottebakker sê: "Hy weet nie wat hy doen nie." **Jesaja 29:15-16**

Gebed is 'n gesprek met die lewende God

*O God wat aan my reg verskaf,
antwoord my as ek roep.
Toe ek in die nood was,
het U my bevry.
Wees my ook nou genadig
en hoor my gebed!*

Psalm 4:2

Gebed weerhou jou van sonde

Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.

Matteus 26:41

Om saam met ander te bid, beteken dat jy in goeie geselskap is.

... want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.

Matteus 18:20

Gebed gee jou krag in moeilike omstandighede

*Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor
en my nuwe krag gegee.*

Psalm 138:3

Gebed is nie onderhandelbaar nie

Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.

Daniël 6:11

Vergifnis kom deur gebed

*Wees my genadig, o God, in u troue liefde,
wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid!*

*Was my skoon van my skuld,
reinig my van my sonde!*

Psalm 51:3-4

Die klassieke gebed

Dikwels weet ons nie wat, of hoe, om te bid nie. Christus het vir ons 'n belangrike gebed gegee wat Christene oor die eeue heen gehelp het en vandag steeds help.

*“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net
soos in die hemel.*

Gee ons vandag ons daaglikse brood;

*en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat
teen ons oortree;*

*en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die
Bose.”*

Matteus 6:9-13

Die Bybel – jou handleiding vir die lewe!

Miljoene Christene dwarsoor die wêreld glo dat die Bybel die Woord van God is. Hulle lees dit gereeld, bestudeer dit en beskou dit as 'n riglyn vir hulle lewens.

In **Psalm 119:105** sê die Psalmdigter:

*U woord is die lamp wat my die weg wys,
die lig op my pad.*

Die apostel Paulus bevestig die waarde wat die Woord in ons lewens het:

Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees. **Romeine 15:4**

Die Bybel praat met jou

Die Bybel is nie soos 'n gewone handleiding of 'n webwerf wat netjiese antwoorde en kitsoplossings vir verskeie vrae en probleme gee nie. Die Boek praat met jou wanneer jy gereed is om die Woord van God te hoor en dit deel te maak van jou daaglikse lewe.

Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. **Hebreërs 4:12**

Die Bybel is jou GPS

Die Bybel bevat 'n hele reeks kwessies, gebeurtenisse en werklike situasies waarmee lesers vandag nog gekonfronteer word. Baie van hierdie vrae word beantwoord deur voorbeelde, raad en vermaning asook direkte instruksies.

As dit soms voel of daar nie 'n gedeelte in die Bybel is wat op 'n spesifieke situasie toegepas kan word nie, is daar gewoonlik 'n breër raamwerk van beginsels wat as riglyne gebruik kan word, soos die eerste gebod: "Jy mag naas My geen ander gode hê nie." Dit verwys nie net na beelde van afgode nie, maar ook na enige besitting of voorwerp wat 'n mens bo God sal kies.

Die Bybel is soos 'n spieël

Dit is nie net 'n gewone selfhelpboek nie; dit is ook 'n Boek waarin ons onself kan herken en God leer ken, soos gelowiges deur die eeue heen gedoen het.

Om die boodskap van die Bybel te glo en dit deel van jou lewe te maak, is uiteindelik 'n saak van geloof. Maak die Bybel deel van jou "ingang en jou uitgang" deur die volgende Skrifgedeeltes op te soek en dit op jou "hardeskyf" te stoor sodat jy vinnig raad, bemoediging en kitskos vir die siel kan vind.

'n Onvergeetlike reis!

Maak 'n punt daarvan om hierdie verse op te soek. Dit kan die begin wees van 'n wonderlike reis saam met jou Skepper met die wete dat:

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. **Romeine 8:28**

Die Bybel wys ons wat die wêreld benodig

Geloof	Mark 9:23; 11:22
Getrouheid	Jak 1:12-15
Vergifnis	Ps 32:1-5; Matt 18:21-22; 1 Joh 1:9; Kol 3:13
Goedheid	1 Pet 3:8-17
Geluk	Pred 7:14; Spr 15:13; Ps 118:24
Genesing	Luk 4:18-19
Hoop	Ps 119:114; Rom 15:13
Nederigheid	1 Pet 5:5-6
Vreugde	Jer 31:13; 1 Tess 5:16
Liefde	1 Kor 13
Liefde vir mekaar	1 Pet 4:8
Geduld	Jak 5:7-11
Vrede	Jes 26:3; Fil 4:6-7
Selfbeheersing	Tit 2:1-10
Vertroue	Jes 12:2; Spr 3:5
Wysheid	Spr 1:7
Getuienis	Jer 1:4-10; Hand 1:8

Die Bybel leer ons oor geloof

<i>Bely Jesus Christus</i>	Rom 10:9-10,13
<i>Draai weg van sonde</i>	1 Joh 1:8-9

<i>Glo in Jesus</i>	Joh 6:47
<i>God se liefde</i>	Joh 3:16; Jes 54:10
<i>Jesus ons Saligmaker</i>	Joh 4:42; 1 Tim 2:3-5
<i>Aanvaar Jesus</i>	Mark 10:15; Joh 1:12-13

Die Bybel wys ons hoekom ons leef

<i>Om God te dien</i>	Jos 24:15
<i>Om soos Jesus te wees</i>	2 Kor 3:18
<i>Om die wil van die Vader te doen</i>	Joh 4:34
<i>Om die Koninkryk van God op te soek</i>	Matt 6:33
<i>Om God te verheerlik</i>	Matt 6:33
<i>Om die wedloop te voltooi</i>	Rom 15:5-6
	Hand 20:24; 1 Kor 9:24

Die Bybel leer ons hoe om te lewe

<i>Blydskap</i>	Fil 4:4
<i>Dankbaarheid</i>	Ps 136
<i>Gehoorzaamheid</i>	Hand 5:29; Jak 4:17
<i>Integriteit</i>	Jak 5:12
<i>Oorwinning</i>	Rom 12:21
<i>Uithouvermoë</i>	Jos 1:6-9; 2 Tim 4:7; Heb 12:1
<i>Vreugde</i>	Ps 16:11; 1 Tess 5:16
<i>Vryheid</i>	Gal 5:10-16
<i>Waarheid</i>	Joh 8:32
<i>Om te doen wat reg is</i>	Jak 1:2-8

Die Bybel troos en gee krag

<i>Armoede</i>	2 Kor 8:9
<i>Bemoediging</i>	Jes 40:31; Ps 28:7

<i>Depressie</i>	1 Kon 19:3-12
<i>Dood</i>	Joh 14:1-14
<i>Moedeloosheid</i>	Neh 4:1-23; 6:15-16
<i>Uitputting</i>	Jes 40:29-31
<i>Troos</i>	1 Pet 5:7; Ps 146:8-9; 147:3

Mag God, die "Outeur" van hierdie Boek, jou inspireer om sy persoonlike boodskap vir jou te verstaan en te glo, terwyl jy hierdie stukkie raad van Paulus in gedagte hou:

Wees onvolwasse in die slegte dinge, maar in julle denke volwasse.

1 Korintiërs 14:20b



Uitgee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

www.bybelgenootskap.co.za



BibleSA.co.za

BibleSA

Bybels en Oudlibybels is op die BibleSA-app beskikbaar.